



## Nederduitse Gereformeerde Kerk

EEN LIGGAAM EN EEN GEES

Beste Kollega

Groete vanuit die kantoor van die Algemene Sinode. Ek vertrou dit gaan goed met jou en jou bediening.

Pinkster is 'n wonderlike tyd in ons kerklike jaar en ek vertrou dit was vir jou en jou gemeente 'n verrykende belewenis.

Ek wil graag twee sake onder jou aandag bring:

**Eerstens, daar is 'n Gedragskode vir Godsdienst** hierby aangeheg asook 'n begeleidende brief van prof Pieter Coertze. [KLIK HIER](#) om die brief af te laai. Dit sal gaaf wees as jy en jou kerkrad die dokument kan deurlees en kommentaar kan lewer.

Vanuit die kantoor is jy goed op hoogte gehou van voorstelle deur die CRL Rights Commission wat kan lei tot die regulering van godsdienst. Die kerk het van sy kant af die gedagte van die regulering van godsdienst afgewys en stel 'n gedragskode voor waaraan godsdienstige groepe moet voldoen. [KLIK HIER](#) om die dokument af te laai.

Indien jy enige kommentaar het, sal dit gaaf wees as jy dit kan deurstuur. Dit sal help om die dokument te verfyn.

**Tweedens, die gronddebat is aan die gang.** Die NG Kerk wil graag reageer op die uitnodiging om kommentaar daarop te lewer.

In die voorbereiding van die NG Kerk se dokument het ons met landbou- en politieke organisasies asook ander belanghebbendes oor hierdie saak gesels.

[KLIK HIER](#) die kommentaar van die NG Kerk oor die gronddebat. In hierdie dokument maak die NG Kerk dit duidelik dat:

- hy teen die verandering van die grondwet is;
- hy teen onteining sonder vergoeding is;
- die beskerming van voedselsekerheid van die uiterse belang is;
- daar gekyk moet word na modelle wat reeds goed werk;
- daar gekyk moet word na redes vir die mislukking van grondhervorming tot dusver.

Verder vra ek dat julle nie net vir die Springbokke sal duim vashou nie. Vir die volgende week is ek in Genève waar die WRK-

vergadering sal besluit waar die volgende algemene vergadering van dié liggaam sal plaasvind. Die NG Kerk is saam met die EKD van Duitsland op die kortlys. Indien ons aangewys word, sal die vergadering met sy 6 000 verteenwoordigers in 2021 in Kaapstad gehou word. Dit is 'n fantastiese geleentheid, nie net vir ons nie, maar vir alle kerke in Suid-Afrika.

Vriendelike groete en sterkte

**Gustav Claassen**

Algemene Sekretaris

Nederduitse Gereformeerde Kerk